# Gesig Suid

# N G Kerk Rustenburg Suid

## 1958 - 2018




Ons leraarsgesin


Ds Willem


Dr Jannie


Ds Gavin


Ds Sterns


Ds Carolien

## Spanbou van die kerkraad






**Orrelis: Eunice v Wyngaardt**


**Koster: Willem Steyn**



**Dankie aan Carel wat altyd orals fotos neem**


**Saakgelastigde: Marie Williams**


**Klankman: Abram Lourens**

Hierdie bladsy is geborg deur
D o l f   S m i t h

| |
|---|
| Met hierdie Gedenkblad konsentreer ons op die laaste dekade. Vorige gedenkblaaie kan gelees word op ons webtuiste: www.ngrustenburg.co.za |



Allos Orrelis: Carin Steenekamp

# Geskiedenis van gemeente
# Afgestig van Moedergemeente Nov 1958
# Kerkgebou in gebruik geneem: 6 Aug 1960


Vorige Orrelis: Neelsie Richter

## Leraars:

| | |
|---|---|
| **Ds G Reynecke** | **1958-1966** |
| **Ds JJ de Klerk** | **1962-1966** |
| **Ds D S Jacobs** | **1967-1980** |
| **Ds M W Odendaal** | **1971-1980** |
| **Dr JGM Richter** | **1980-2006** |
| **Ds C P le Roux** | **1981-1989** |
| **Ds G Meistre** | **1990-1994** |
| **Ds N J Prinsloo** | **1997-1998** |
| **Ds D Jacobs** | **2001-2005** |
| **Ds Sterns Pretorius** | **2007-2013** |
| **Ds Carolien Cilliers** | **2010-2013** |
| **Ds R Steyn** | **2014- Huidiglik** |


Vorige Koster: Amanda Stols

Hierdie bladsy is geborg deur Vascamen en Vascafem van Loock Pharmaceutical


llos in kantoo
Myrtle Meirin

## Organogram

Leraar: Ds Riaan Steyn. Voorsitter: Dolf Smith

| Finansies | Diensverhoudings | Uitreik en versorging | Erediens | Jeug | Eiendom |
|---|---|---|---|---|---|
| Joseph d Jager | Dolf Smith | Stefan Saaiman | Abram Lourens | George Loock | Willem Steyn |
| Eddie Landsberg | Jeanette v Heerden | Ria d Lange | Jakkals Smal | Susara Lourens | |

# Finansies en fondsinsamelings

Ons bak vetkoek 2017 en 2018.
Baie dankie aan Schalk en Adri wat fluks knie en bak. En vir elke gemeentelid wat ywerig help





Kuier met saambraai. Almal geniet die saamwees en lekker eet.





Wonderlike kerslig ete onder leiding van Kitta. Lekker saamgewerk en geeet.




'n Groep flukse dames bak gereeld koeksisters . . . .
die lekkerste in die dorp . . . . . . Met hierdie geld word allerlei projekte befonds.



Hierdie bladsy is geborg deur
Jan Steenekamp

Verskillende projekte word gereel·

Die doel daarvan is fondsinsameling en die lekker van saamwerk en kuier.

Kitta en haar span is gewoonlik die sameroeper van ons heerlike Valentynsete en konsert.



Ons jeug neem ook deel.



Staatmakers, Kitta en haar gesin.



Freddie Mercury het natuurlik Barcelona gesing saam met Monserrat Cabelle



Pompom dames was amper soos professionele dansers.

Die gaste deel in die pret.
Chris en Anita





Die weermag was ook daar.



Una, Ria en Niekie

Die Steenekamp familie is sedert 1985 lidmate van NG Rtb Suid.
Die broers Stoney en Jan en Skoonseun, wyle Peet Kotze het verskeie jare op die kerkraad gedien.

Oupa Jan, Tannie Katie se ses kleinkinders is almal in die kerk gedoop. Deur die genade en baie seen van meer as 30 jaar is tannie Katie, Jan en Carin steeds lidmate van die gemeente.

Ons prys die Here! Aan Hom al die dank en eer!

Hierdie bladsy is geborg deur
Jan Steenekamp



Jan, Maryke, Elmarie en Jaco

Marnus en Jance

# Ons hou basaar



Pannekoekbak



Wie se hoed is die mooiste?



Staatmaker, oom Theun.



Vetkoeke



Vetplante verkope



Nagereg







Vleisverkope lok baie mense



Jan verkoop kaartjies



Die manne spog met hul baarde



Waterballe sorg vir groot pret

Hierdie bladsy is geborg deur
Jan Steenekamp

# Geboue en tuine

Wie is hulle? Hulle is staatmakers!!

Wat doen hulle?

Hulle sorg dat alles by NG Suid skoon en beskikbaar is vir alle lidmate en besoekers se gebruik en gerief.

Hulle is:

Willem wat die klokke lui. Reeds 10 jaar betrokke as koster en toesighoudend oor eiendomme en perseel.

Joël, 40 jaar diens en ons nuweling, Samuel, sorg dat die kerk se tuine en perseel altyd skoon en netjies is.

As die vullishouer kon praat sou dit 'n groot storie kon vertel. Hy is altyd vol.

Maria, 20 jaar diens, hou ons kerk en geboue aan die binnekant skoon en netjies. Nie altyd 'n maklike taak om dwalende oë tevrede te stel nie. Maar dit word gedoen.

Snaaks nè, daar is altyd mense met kritiek. Baie dankie vir kritiek, ons werk aan die negatiewe. Die positiewe maak ons trots en daar is baie positiewe kritiek. Dankie Joël, Samuel en Maria.

Maar ons mag nie vir Eric en Schalk uitlaat nie. Hulle hande staan vir niks verkeerd nie. Hulle is altyd staatmakers. Altyd beskikbaar om te bou of herstel. Hulle bydrae vir ons kerk is groot. Baie dankie

Dankie vir ons Hemelse Vader dat ons (NG Kerk Rtb Suid) hierdie perseel het om in stand te hou tot eer en verheerliking van Sy naam.

Ons bou met trots in ons voorgangers se spore.

Dankie aan ons klankmanne, wat beurte maak onder leiding van Abram Lourens: Nic Pieterse, Gerhard Derks, Bianca Potgieter en Dante Combrink.

Cornelia Bester, Schalk, Willem, Eric en natuurlik ook Ben, kan enige iets regmaak.








Hierdie bladsy is geborg deur Abram Lourens van ons webblad www.ngrustenburg.co.za



**Kry gerus meer inligting oor al die Gemeente se bedrywighede daarop.**

# Doop:

Die doop is die sigbare bewys wat deur die Here aan gelowiges gegee word, dat Hy hom persoonlik tot ons verbind. As gemeente is ons verbind om die geloofspad met die ouers en ons dopelinge te stap.



Baie dankie aan Retha Nel van
Deo Volente Guest House
083 651 2856

# Kategese



Kategese opening



Marjorie, 2017 se Gr2's



Prysuitdeling



Kategete word voorgestel

## Kleuterkerk



Madeleine in die Kleuterkerk

## Kinderkrans

Ons kinderkrans met hulle produkte



Saam met Ann en Shane by Kinderkrans



## Betrokkenheid by Projekte

Ons neem deel aan die stap vir Bybels





Kelners by ons Kersligete



Deelname aan ons konsert

Hierdie bladsy is geborg deur
Eddie en Marjorie
Landsberg

# Erediens deelname van die jeug


Gretige gesiggies


Kers doodblaas


Saam met Jan de Wet


Superman! Ds Willem




Met dr Herman Jansen






By die Bedeldiens

## Eredienste:

Dis 'n voorreg om ons kinders deel te maak van ons eredienste en geloofsgemeenskap. Kinders hoort in die kerk. Hulle help ons ook om die boodskap op 'n eenvoudige wyse te verstaan.









Hierdie bladsy is geborg deur
Heeltyd Speeltyd Kleuterskool
h/v Joubert en Sand Str
014 592 1938

Die belydenis van geloof is nie die einde van n jongmens se geloofspad nie. Ons is opgewonde om jongmense as lidmate te hê en vier die mylpaal as n anker in hulle lewe saam met hulle en hul ouers as die nakoming van die Doopbelofte


2008


2009


2010


2011


2012


2013


2014


2015


2016


2017



2018

Aan die nagmaaltafel...



Tradisioneel steek hulle kerse op



Hierdie bladsy is geborg deur
Bellevue Kothuis
083 301 8491

# Eredienste

Die erediens is 'n ontmoeting met God wat ons Vader is en dit is die viering dat Jesus opgestaan het en 'n nuwe lewe vir ons moontlik maak.

**Nog belangriker: Dis ook 'n ontmoeting wat ons verander**

Die Heilige Gees **sorg** nie net nie – Hy voed ons ook op.


Voorsangers

Wat gebeur rondom en in 'n Erediens
Na die erediens is teedrink en kuier 'n uitbreiding van die erediens.










Nagmaal bediening


Offergawes tel




Verootmoediging en aanbiddings geleentheid


Gebaretaal sang


Nagmaal voorbereiding

Hierdie bladsy is geborg deur
Joseph de Jager



Kerse aansteek



Nuwe kerkraadslede word bevestig





Koorfeeste word gehou ter stuiwing van ons fondse. Verskeie kore van laer-en hoërskole neem deel. Daarmee saam is 'n mini basaar gehou. Die hele kerkterrein het gelewe van mooi koorsang en kinderstemme, wat die aktiwiteite buite geniet.









Hierdie bladsy is geborg deur
Joseph de Jager


# Die afgelope 10 jaar se musiek in die erediens.

Musikaal gesproke sou mens kon sê dit is twee reelmatige frases van 5 mate elk.
Reelmatig, ja beslis. Reelmatig, geleidelik en spontaan het die musiek ontwikkel.
Jaarliks tot 'n hoër vlak. Te danke aan die uitbreiding van die orrel,
was dit moontlik om die gemeentesang uit te brei na 'n vlak van musikale belewing.
Ons kan met trots sê ons is 'n singende gemeente. Lof aan God lê ons na aan die hart.
Dankbaar teenoor die Here en met dank aan die kerkaad vir befondsing,
was en is dit moontlik om sangdienste, met elke keer 'n ander benadering en invalshoek,
van hoë standaard aan te bied. Professionele sangers en
instrumentaliste lewer kleur aan die geleenthede.
Hierdie dekade het ook gesorg vir die gemeente se eie kantory.
Koorlede wie se sang kleur verleen het aan elke moontlike geleentheid,

ter ondersteuning van die boodskap wat verkondig word.
Elke oefening was 'n vreugde. Liedere uit die pen van die orrelis,
is spesifiek geskryf vir die koor en die behoefte van die gemeente.
Met opgewondenheid het hulle elke geleentheid gebruik om die lof van die Here te besing en Hom
met hulle sang te eer.
Aan musikale gebeure was daar geen tekort nie. Onder leiding van ds Sterns Pretorius
het ons 'n passiespel in die gemeente opgevoer.
Werklik aangrypend en meesterlik uitgevoer.

Ons vier ook die aanbreek van die lente, nuwe lewe, met 'n sangdiens jaarliks op die
eerste Sondag in September. By die geleenthede tree verskillende hoër- en laerskoolkore op,
ook Sanggroepe en 'n koperblaas esemble.
Nog 'n hoogtepunt was ons kerssangdiens in die buitelug.
Alhoewel musiek 'n klein deeltjie van die gemeente se aktiwiteit is, speel dit 'n
groot rol in NG Suid.
Mag God die gemeente seën met nog baie meer mooi musiek
in die volgende dekade.
Ons dank Hom vir die groot voorreg.
*Soli Deo Gloria*












# Die afgelope 10 jaar se musiek in die erediens.



Hierdie 2 bladsye is geborg deur 'n Musiekkenner en liefhebber van ons gemeente

# Onderlingesorg en Uitreik



Stefan Saaiman



Kuier met ons sending vriende



Kuier van Bloemhof uitreik

Dit is met groot opgewondenheid en dankbaarheid aan ons Heer, dat ons kan deel wees van die karakter verandering van NG Suid. Ons maak deel uit van God se plan met die gemeenskap waarin ons woon en werk. Ons bid al baie lank hiervoor en is jubelend bewus van gebedsverhoring wat plaasvind.

Die gemeente lê klem op omgee vir mekaar en almal waarmee ons in aanraking kom. God is besig om ons te slyp sodat ons werklik dissipels van Hom kan wees en sodoende Sy opdrag uitvoer.

Maak vas jou veiligheidsgordel... Kom jy saam?



Elke jaar word 'n erediens gehou vir Vastrap se gr 7's

Die seuns skenk dan hulle skoene







Hardloop vir Bybels

Elke jaar reel Retha 'n pretloop en ds Riaan hardloop die Comrades marathon met borge vir Bybels

Ons help sorg vir gesinne wat hulle werk verloor het







Hierdie bladsy is geborg deur
**Econo Begrafnisdienste**
**Cobus Combrink**
**"Diens met liefde en waardigheid"**

# Kleipotbediening, Gebedsbediening en Voorbidding/ Toewyding

Ons heg groot waarde aan omgee en daarom funksioneer die **Kleipotbediening, Gebedsbediening en Voorbidding/Toewyding** aktief in die gemeente.
Gemeentelede kan versoeke in die gebreekte pot plaas. Hulle word dan deur die kleipot lede besoek en bygestaan soos nodig. Ook anonieme versoeke word deurgegee na die gebedsbediening.
Een Sondag per maand kry die gemeente geleentheid om sake vir voorbidding en danksegging te noem en die fasiliteerder sluit die geleentheid af met 'n gebed. Lidmate kan klein kersies by persone tuis afgee. Die doel is om die kersie aan te steek wanneer die donker te dik raak, om sodoende God se lig oor die omstandighede te laat skyn.
Elke Sondagoggend voor die erediens kom gemeentelede bymekaar om in gebed te verenig vir 'n geleentheid van aanbidding, belydenis, danksegging, voorbidding en toewyding. (Vind meer uit op ons webblad)

Jakkals Smal



Getuienis,

IS GETUIENISSE NOG GEREGVERDIG IN HIERDIE EEU?

DIS 'N GODDELIKE OPDRAG.

In Handelinge 1 : 8 gee Jesus persoonlik aan Sy dissipels die volgende opdrag èn belofte; Wanneer die Heilige Gees oor julle kom, sal julle krag ontvang en òral mense EERSTEHANDS van My vertel.
Dankbare harte; die Here verhoor noodroepe; die Here is getrou; Jesus beantwoord gebed; Jesus breek bande; genade op genade; die Here stuur 'n koper; die Here voorsien finansies; die Here genees. Sien rààk wat Hy vir ù as gelowige doen. Lewe 'n eenvoudige lewe van dankbaarheid. God verwag van gelowiges om Sy opdrag om te getuig, uit te lewe en Sy beloftes te eer.



GERTIE DE MEYER



Die G-om projek in ons kerksaal

Hierdie bladsy is geborg deur
Jakkals Smal

# 100 Jaar oud



Ons stigterslid Marietjie Richter

Marietjie is die enigste stigters lid wat nog 'n lidmaat van ons gemeente is

Tannie Kotie Espach



Tannie Miems Klopper



## In 2017 vier ons tannie Miems en tannie Kotie se verjaarsdae saam met die gemeente



## Bediening aan bejaardes van Rustenburg Suid

In 2007 het Ria de Lange en haar ma Una Bothma begin met die bediening aan ons gemeente se seniors.
Daar is eers in die kerksaal gekuier, maar om praktiese redes word dit tans in Huis Sering se eetsaal gehou.
Gertie de Meyer het die bedieningsprojek oorgeneem en tans neem Elaine Snyman die leiding. Elke laaste Saterdag van die maand kuier ons gemeente en die inwoners van Huis Sering saam. Die oggend word begin met die bediening van die Woord, ons sing lekker saam, vier verjaarsdae, speel lekker speletjies en geniet heerlike verversings.
Temas soos Valentynsdag, Sokker wereldbeker, Seisoene en Erfenisdag word gebruik om die geleentheid op te vrolik. Baie dankie aan Elaine, Ria, Freddie, Dora, Hannes, Kitta, Jakkals, Marieta en Louisa wat gereeld betrokke is.
Dankie aan almal wat help met die opening, verversings en op enige ander manier betrokke is.
Indien jy wil betrokke raak, skryf jou naam in die boek in die voorportaal.
Dankie aan God wat so 'n groot deel in ons Almal se lewe het.





Ons Kosbare Seniors. Van sommiges het ons al afskeid geneem, die ander is nog aktief betrokke en 'n sigbare voorbeeld.





# NG Suid in Beeld
















INKPOT
STATIONERS & PRINTERS
SINCE 1972